**No. R2145** **31 Julie 1992**

**DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD**

**REGULASIES WAT DIE OMVANG VAN DIE BEROEP ARBEIDSTERAPIE OMSKRYF**

Die Minister van Nasionale Gesondheid het, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 33(1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), die regulasies in die bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

**BYLAE**

1. Die volgende handelinge word hierby bepaal as handelinge wat by die toepassing van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), geag word handelinge te wees wat by die beroep arbeidsterapie tuishoort, naamlik die handelinge wat die evaluering, verbetering of instandhouding van die gesondheid, ontwikkeling, funksionele werkverrigting en selfhandhawing van diegene by wie dit aangetas of in gevaar is, ten doel het deur die voorskrywing en leiding van die pasiënt of kliënt se deelname aan normale bedrywighede, tesame met die toepassing van gepaste tegnieke voor of tydens deelname aan normale bedrywighede ten einde sodanige deelname te vergemaklik.

2. By die toepassing van regulasie 1 beteken "normale bedrywighede" ook die bedrywighede van gesonde kinders en volwassenes in die loop van hulle spel, werk, sosiale aktiwiteite, vermaak, huishoudelike bedrywighede en persoonlike versorging.

3. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2291 van 3 Desember 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.1834 van 16 Desember 1977 en R.446 van 10 Maart 1978, word hierby herroep.

**No R.2145** **31 July 1992**

**THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL**

**REGULATIONS DEFINING THE SCOPE OF THE PROFESSION OF OCCUPATIONAL THERAPY**

The Minister of National Health has, in terms of section 33(1) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations set out in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

1. The following acts are hereby specified as acts which shall for the purposes of the Medical, Dental and Supplementary Health Services Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), be deemed to be acts pertaining to the profession of occupational therapy, namely those acts which have as their aim the evaluation, improvement or maintenance of the health, development, functional performance and self-assertion of those in whom these are impaired or at risk, through the prescription and guidance of the patient's or client's participation in normal activities, together with the application of appropriate techniques preceding or during participation in normal activities which facilitate such participation.

2. For the purposes of regulation 1 "normal activities" shall include those activities performed by healthy children and adults in the course of their play, work, social activities, recreation, domestic activities and personal care.

3. The regulations promulgated by Government Notice R.2291 of 3 December 1976, as amended by Government Notices R.1834 of 16 December 1977 and R.446 of 10 March 1978 are hereby withdrawn.